So is ons verraai (30)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (20)

'n Fundamentele koersverandering en die groot breuk, 1978 – 1983 (vervolg)

Intussen het die Suid-Afrikaanse ekonomie al verder agteruitgegaan. Wanadministrasie, sanksies, boikotte en disinvestering het hul tol geëis. Die bedrae blanke belastinggeld wat op nieblankes bestee is, het al groter geword en die finansiële druk op die deursnee blanke burger verhoog. Die absolute ongeërgdheid van die NP hieroor word weerspieël in die skandelike opmerking van die Minister van Gesondheid in die aanloop tot die algemene verkiesing van 1981, naamlik dat bejaarde blanke persone op R20 per maand behoort te kan oorleef. (aangehaal in *BD Live, 22 May 2009*).

In die verkiesing van 1981 het die *Herstigte Nasionale Party* (HNP) byna 'n derde (die meeste ooit) van al die Boere-Afrikanerstemme op hom verenig. Hierdie party het reeds gedurende die Vorster-era onder leiding van dr. Albert Hertzog, seun van 'n voormalige eerste minister, J.B.M. Hertzog, van die NP weggeskeur. (*Harrison:* 284). Lidmaatskap van die *Afrikaner Weerstandsbeweging* (AWB), 'n kulturele, en uiteindelik 'n paramilitêre beweging, wat die NP se beleidsrigtings sedert die 1970s teengestaan het, het sterk toegeneem. 'n Ander groepering genaamd die AVSTIG-groep (*Afrikaner Vryheidstigting*) onder leiding van prof. Carel Boshoff het weer op hulle beurt na 'n Afrikanertuisland gehunker in 'n deel van Suid-Afrika waar 'n homogene blanke bevolking hulleself sonder gebruikmaking van swart arbeid sou kon handhaaf. Hierdie strategie het die verskuiwing van 'n groot klomp mense na 'n yl bewoonde (en dus noodwendig 'n droë) gebied behels. Dit het uiteindelik tot die vestiging van 'n Afrikaner enklawe in die Noord Kaap te Orania, gelei.

Die grootste skeuring in die geledere van die volk sedert die dae van dr. Verwoerd het egter gedurende 1982 plaasgevind toe omtrent twintig NP-parlementslede Botha se koersverandering verwerp en die NP verlaat het om die Konserwatiewe Party (KP) te vorm. Onder leiding van dr. Andries Treurnicht het hulle oor die vloer van die parlement na die opposisiebanke oorgestap (*Harrison: 286*).

Skeurings het dwarsdeur die Boere-Afrikaner se kulturele-, godsdienstige-, organisatoriese- en familieverbande rondom die groot verdelende vraagstuk plaasgevind, naamlik die keuse tussen die humanistiese konsep van veelrassigheid in een gemeenskaplike Suid-Afrika (tesame met die gepaardgaande onvermydelike verlies van blanke politieke mag), en die strewe na een of ander vorm van politieke outonomie met behoud van die Boere-Afrikanervolk en sy identiteit. Met Naspers se onbetwiste segepraal, is die groep wat hulle op volle outonomie beroep het, in die media as "verkramp" bespotlik gemaak, terwyl hulle teenstanders as "verlig"

voorgehou is. Die hoofstroommedia en die verligte NP leiers het volgehou dat dit moontlik was om van apartheid weg te beweeg sonder om die oorlewing van die Boere-Afrikaner in gevaar te stel. Oor *hoe* hulle dit polities sou vermag, was die "verligtes" baie vaag en het hulle ook nie uit een mond gepraat nie.

Die Nasionale Party se topstruktuur, die SAUK (as nasionale uitsaaier) tesame met die belangrikste Afrikaanse koerante, die grootste Afrikaanse besighede en die invloedrykste Afrikaanse organisasies in alle sfere van die gemeenskap, het die "verligte" perd opgesaal. Om te vergoed vir die verlies aan politieke mag weens hulle keuse, het baie "verligtes" oorgegaan tot die onvermoeide bevordering van hulle persoonlike- en finansiële belange. Namate die stryd om die volksiel gedurende die 1980s verhewig het, het die groot getal invloedryke NP-steunorganisasies wat op alle terreine van die samelewing bedrywig was, tot uiterstes gegaan om die verkramptes te ondergrawe, bespotlik te maak en te marginaliseer. Dit was haat, eerder as blote politieke vyandskap, waarmee Albert Nothnagel, NP-LV, sonder om doekies om te draai in 1986 in die parlement gesê het dat hy meer in gemeen het met radikale swartes as met die strewe na Boere-vryheid (*Hansard: 21 June 1986, column 9409*). Alle regsgesinde organisasies, insluitend wettige politieke partye soos die KP, is deur spioene en provokateurs van die regering se magsinstrumente geïnfiltreer (*Jonker: 49, 147, 224*).

Met 'n kombinasie van oorweldigende metodes, middele, geweld en skelmstreke wat die NP teen Boere-Afrikaners wat grondwetlike outonomie wou behou, gemonster het, is verseker dat laasgenoemdes uiteindelik hierdie verbete stryd gedurende die laaste jare van die NP-regering verloor het. (Organisasies soos die Boere-Afrikanervolksraad, wat vandag nog na selfbeskikking strewe, word steeds deur die hoofstroom Afrikaanse instansies en veral die hoofstroom media op die kantlyn geskuif. Natuurlik maak dit nie ons aanspraak op selfbeskikking ongeldig nie, want so 'n aanspraak vereis nie die eenparige ondersteuning van almal binne enige etniese groep nie, soos die voorbeeld van die Ierse- en talle ander volke aantoon.

In 1983 het P.W. Botha in 'n blanke referendum 66% "Ja" stemme gekry om die parlement met twee nuwe "kamers", een vir Indiërs en een vir Kleurlinge, te vergroot. Hierdie twee kamers, saam met 'n ander kamer vir blankes, sou voortaan wetgewing daarstel betreffende die "eie sake" van die onderskeie groepe in hierdie "driekamer parlement". Slegs 'n klein gedeelte van die Kleurling- en Indiërgemeenskappe het egter aan dié skema, wat deur die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983 teweeggebring is, deelgeneem. Die gemiddelde stempersentasie vir die twee nuwe parlementêre kamers was minder as 20%. (*Harrison: 290*). Die meeste Indiërs en Kleurlinge was ten gunste van 'n rasgebaseerde swart meerderheidsregering, alhoewel baie — veral Kleurlinge — later van standpunt verander het, nadat hulle onder die hande van die ANC eerstehands ervaring daarvan opgedoen het. (*Jonker: 82; 283; Rapport, 20 Julie 2008*).